# Die Byekorf



**2017/09/13** **Standerton Akademie**

**30/18**

Geagte Ouers,

**Kleuterskool Uitstappie**

Baie dankie aan al die kleuterskool leerlinge wat die uitstappie meegemaak het na Secunda. Ons glo en vertrou dat julle die dag baie geniet het! Dankie aan die onderwysers vir die toesig, vir Tinus de Jager se reëlings en Gert Koch vir die beskikbaarstelling vir die bus. (Sien D6)









**Boomplantdag: 8 September 2017**

Baie dankie aan al ons ouers vir die geld met die muntlegging tydens die boomplantdag. Dankie aan Juffrou Zelda wat die program met die kinders gedoen het asook Alida van Rensburg vir die skenk van bome.









**Fotodag : 14 September 2017**

Ouers word herinner dat ons jaarlikse fotodag plaasvind op 14 September 2017. Alle akademiese, sport en kultuur foto's word op hierdie dag geneem. U moet asseblief toesien dat die kinders al die korrekte kleredrag saambring. Ouers wie foto's saam met hul kinders wil neem is welkom om die dag ook by te woon. Let wel, hierdie foto's word na afloop van al die leerling foto's geneem. Laerskool kinders trek somersdrag aan en kleuterskool kinders soos wat die ouers wil. SANESA ruiters trek volle ruitersdrag aan.

**Redenaars : Tema's 2018**

1. Offer/Offers
2. Bome
3. Eerlikheid
4. Ink

**Beeldende Kuns: Tema's 2018**

1. 2009 Seelewe
2. Besoek aan die Dieretuin
3. Blou
4. Die tien plae
5. Fantasie
6. Hartseer
7. Watervalle




### Entrepreneursdag : 20 Oktober 2017

Leerlinge word herinner om hulle plakate nie later as eerskomende Maandag in te handig by Juffrou Marilize Roelofse.

### 25 September 2017

Ouers neem kennis dat bogenoemde datum 'n amptelike skoolvakansiedag is.

### Prysuitdeling : 2 November 2017

Neem kennis dat die jaarlikse prysuitdeling vir die kleuterskool en laerskool aangebied word in on skoolsaal op 2 November. U sal eersdaags meer inligting ontvang. Leerlinge wat nog steeds in besit is van trofees moet die trofees voor die einde van die week inhandig.

### Skoolgereedheidstoetse : Dinsdag 19 September 2017

Alle Graad R leerlinge word op bogenoemde datum getoets. Ouers maak seker u kind lê hierdie toets af. Indien u kind die toets mis sal daar nie weer 'n geleentheid wees om die toets af te lê nie. Onderhoude sal reeds vanaf Woensdag, 20 September deur Mev. Draper met ouers gehou word.

### Musiek Pret: Noot vir noot aand : 21 Oktober 2017 om 18:00

Kaartjies is nou beskikbaar teen R200 per persoon in die kantoor of by die onderskeie gasvrouens. Ouers ondersteun asseblief hierdie projek aangesien dit beloof om 'n aand van groot pret en ontspanning te wees.



### Tennis



Baie geluk aan Anke en Lianné met hul uitslae die afgelope naweek in Secunda.
Ons is trots op julle! 'n Besondere woord van geluk aan Anke wat opgeneem is in die 0/10 Oos-Tvl Span wat gaan deelneem aan die SA's later vanjaar.





### Radikale Redenaars / Mpumalanga Landloop

Baie geluk aan Beandri Claassens wat die afgelope naweek in Potchefstroom so goed presteer het met die Landloop en Redenaars. Ons is sommer baie trots op jou!

### Skaak Ope Skaaktoernooi (Gert Sibande)

Baie geluk aan die volgende kinders met hulle pragtige prestasie in skaak op die 9de September 2017.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afdeling E | : | Johanco Griesel | (2de plek) |
| | | Inge van der Linde | (3de plek) |
| | | Machiel Griesel | (7de plek) |
| Afdeling D | : | Elre Labuschage | (1ste plek) |
| | | Martiens de Jager | (4de plek) |
| | | Marla de Jager | (6de plek) |



### SA Skaak en Landloop : 15 September 2017

Sterkte aan al ons leerlinge wat eerskomende naweek deelneem aan die SA Landloop en Skaak in Pretoria.



**Skaak**
Johanco, Inge, Martiens, Daniël, Elré en Marla



**Landloop**
Johanco & Daniel

## DANS ............?!X()**^^&%%$#@: 11 NOVEMBER 2017

**Hou hierdie spasie dop!!**

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 13 September – 19 September verjaar.
Mag die Here u seën. ‘

| Ouers en Onderwysers | | |
|---|---|---|
| 15 September | : | Laretha de Jager |
| 18 September | : | Tobie Verwey |




**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel